



NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2019

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur

100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

AFDELING A LETTERKUNDE

HOOPVOL – *Derick van der Walt*

Algemene riglyne:

- *Name mag verkeerd gespel word, maar moet nog steeds as die naam geles kan word. Wanneer daar egter spesifiek vir 'n naam van 'n belangrike karakter vir een punt gevra word, moet die kandidaat dit korrek spel.*
- *Engelse woorde mag aanvaar word as dit so in die boek gebruik word.*
- *Woorde wat verkeerd gespel word en 'n nuwe foutiewe betekenis skep, word as 'n verkeerde feit gepenaliseer.*
- *Punte word nie afgetrek vir foutiewe taal nie. Indien taalfoute egter die betekenis van die antwoord beïnvloed, moet geen punt toegeken word nie.*
- *Indien die eerste deel van 'n vraag verkeerd beantwoord is, word daar steeds 'n punt toegeken vir die tweede deel van die vraag indien dit korrek is. (Gebruik eie oordeel indien dit voorkom asof kandidaat die vraag misverstaan het en 'n skoot in die donker gewaag het met talle moontlike antwoorde.)*

VRAAG 1

1.1 1.1.1 In sy ma se handsak.

- 1.1.2
- Hy was baie jonk/16 jaar oud.
 - Dit is was laat in die aand/nag.
 - Dit klink asof hy nog nie voorheen in Pretoria was nie/nie Pretoria ken nie.
 - Hy het nie persoonlike besittings/klere/toiletware/baie geld by hom gehad nie.
 - Hy het nie geweet waar die varsproduktemark was nie.
 - Hy weet nie hoe sy pa lyk nie.
 - Hy weet nie wat sy pa se naam is nie.
- (Een rede)

- 1.1.3
- Sy tande klap.
 - Hy begin huil.
 - Hy dink aan die brand.
 - Hy druk sy ma se handsak vas.
 - Hy laat toe dat die vreemde vrou hom vasdruk.
- (Een bewys)

- 1.2
- Hy het gesien hoe oud sy pa geword het.
 - Hy het sy pa met die glas whiskey gesien./Sy pa het begin drink.
 - Hy het jammer gevoel vir sy pa/ma.
 - Hy het geweet van/gedink aan sy ma met die pille.
 - Hy het geweet van sy ma in die bed/met 'n lappie op haar kop.
 - Hy was moeg.
- (Een rede)

- 1.3 1.3.1 Sy het gedink sy is swanger.
- 1.3.2 Haar ma het naaldwerk gehaat.
- 1.3.3
- Sy het 'n nuwe man/Luke in haar lewe gehad.
 - Sy het nog 'n baba/'n dogtertjie gekry.
 - Oom Luke het vir hulle 'n huis gehuur.
 - Oom Luke het die gesin op vakansies geneem.
 - Oom Luke het die gesin Sun City/Durban toe geneem.
 - Oom Luke het vir die kinders geskenke gekoop.
 - Sy het 'n werk by Clicks gekry./Sy het gehou van die werk by Clicks.
 - Sy het 'n assistentbestuurder by Clicks/by haar werk geword.
- (Twee bewyse)
- 1.4 1.4.1
- Liefie is besig.
 - Liefie kan nie met Bobby praat nie.
 - Pastoor Chalmers weet ook nie waar Bobby is nie.
 - Nathalie wil aangaan met haar lewe sonder Bobby
 - Tannie Lettie het sy telefoonnommer weggegooi/opgefrommel.
 - Nathalie het werk gekry in die Kaap/op 'n ander plek.
 - Tannie Lettie sal vir Nathalie sê dat Bobby gebel het.
- (Enige twee feite)
- 1.4.2
- Sy pa het nooit geweet van hom nie.
 - Sy ma en pa het nooit weer bymekaar uitgekom nie.
 - Hy het nooit 'n pa in sy lewe gehad nie.
 - Hy het nooit sy pa geken nie.
- (Een feit)
- 1.4.3
- Olivia sal haar werk verloor.
 - Daar is nie baie werk op Hoopvol nie.
 - Olivia het haar werk nodig.
 - Olivia het 'n groot gesin.
 - Olivia se gesin het haar geld nodig.
 - Olivia is nie baie slim/talentvol nie.
 - Olivia sal haar kan opwerk.
 - Olivia het 'n blink toekoms by die Rose and Crown.
- (Twee feite)
- 1.5 1.5.1 Pastoor Chalmers en juffrou September het Hoopvol saam verlaat.
- 1.5.2 Sy het na die wit skool toe gegaan (en gesê dat sy gaan bly).

VRAAG 2

- 2.1 2.1.1 Hy het die motorfiets by Frans gekoop.
- 2.1.2 Hulle het na die swempeel gery.
- 2.1.3 'n Hond het voor hom ingehardloop./Hy het 'n hond raakgery.
- 2.1.4 Hy was moeg./Hy het die afgelope tyd sleg geslaap.
- 2.1.5 Bobby het mank geloop.
- Kevin het ook snaaks/mank geloop/met 'n eendestappie geloop.
 - Olivia het gesê die aanvaller het mank geloop.
(*Enigeen van bogenoemde twee feite vir tweede punt*)
- 2.1.6 Sy het weggehardloop./Sy wou nie na hom luister nie.
- 2.1.7 Hy was op 'n plaas./Hy was besig om veediewe te vang
- 2.1.8 Sy het hom op Beaufort-Wes stasie gesien./Sy het hom in die trein (langs haar trein) gesien.
- Nathalie kon nie die venster oopmaak nie./Bobby het oorfone op gehad./Bobby het na musiek geluister./Die trein het begin beweeg.
- 2.2 2.2.1
- Sy beëindig haar telefoonoproep.
 - Sy laat Nathalie toe om na Bobby se kamer te gaan.
 - Sy vertel vir Nathalie dat Bobby weg is Beaufort-Wes toe.
 - Sy vertel vir Nathalie dat Gielie vir Bobby Beaufort-Wes toe geneem het.
 - Sy gee vir Nathalie suikerwater.
 - Sy laat Nathalie bel.
 - Sy neem Nathalie terug hotel toe.
(*Net een feit*)
- 2.2.2 Gielie het gedink dat hy vir Nathalie gewag het.
- 2.2.3
- Juf. September het haar werk/vergadering gelos.
 - Juf. September het Nathalie met haar motor/Mercedes geneem.
 - Juf. September het self haar motor bestuur.
 - Juf. September het Nathalie Beaufort-Wes toe geneem.
 - Juf. September het gesê dat die liefde die hoogste gebod is.
 - Juf. September het gesê dat sy nie glo wat tannie Lettie van Bobby sê nie.
(*Net een feit*)
- 2.3 2.3.1
- Liefie is nie wit nie.
 - Liefie se agtergrond is nie goed genoeg nie.
 - Sy is nie ryk genoeg nie.
(*Net een feit*)
- 2.3.2
- Luke werk in Afrika.
 - Luke is te dikwels weg van die huis af (vir besigheid).
 - Luke is te lang tye weg van die huis af.
 - Miskien was Nathalie nie regtig lief vir hom nie.
 - Miskien was Nathalie nog lief vir Bobby.
(*Net een feit*)

VRAAG 3

- 3.1
- Die gaste/klante by Spur was moeilik/het my geïrriteer/het oor alles gekla.
 - Ons moes die heelyd vir iemand sing wat verjaar.
 - Ek het nie van die rokersafdeling gehou nie.
- (Net een rede)*
- 3.2
- Die baas/Mike was 'n moeilike/onbeskofte mens.
 - Dit was moeilike/harde werk.
 - Ek het blase op my hande gekry.
 - My rug het styf geraak.
 - Geen/slegte akkommodasie gehad.
 - Moes buite/op die grond slaap/op sakke slaap.
 - Geen badkamer nie.
 - Toilet/badkamer het gestink.
 - Geen kussing nie./Moes rugsak gebruik vir 'n kussing.
- (Net een rede)*
- 3.3 Joan
- Sy het onthou/waar my pa in Bloemfontein gaan werk het/dat my pa by 'n meubelfabriek/Houtgerus gaan werk het.
- 3.4 Hy het baie na my gelyk.
- Hy het ook 'n **geboortemerk/vlekkie** op sy elmboog gehad.
- 3.5 In 'n kroeg (naby die meubelfabriek)/by die veerpyltjiespelers/by Kenny.
- 3.6 Hulle het albei na my gestaar/gelyk asof hulle 'n spook gesien het/vreemd na my gekyk.
- 3.7
- Leer perdry.
 - Skape skeer.
 - Tel oorplaatjies.
 - Help met lam se geboorte.
 - Moet byvoeding meng.
- (Enige twee feite)*

VRAAG 4

Inhoud: Maksimum van 350 woorde – Daarna word 'n streep getrek en feite daarná word nie getel nie.

Paragraaf 1: Ben se oupa en ouma se graf

- Motorongeluk.
- Hoopvol.
- – Sy het voogde gehad.
 - Sy moes haar huis deel met haar voogde./Sy kon nie alleen bly nie.
 - Mev. Chalmers het haar hard laat werk.
 - Mev. Chalmers het haar herinner dat sy dankbaar vir hulle moet wees.
 - Mev. Chalmers het haar vertel van al die negatiewe dinge wat met 'n jongmens kan gebeur.
 - Sy kon eers haar huis/erfporsie kry as sy een en twintig is.
 - Sy kon eers alleen bly as sy een en twintig is.
 - Sy kon nie gaan studeer nie.
 - Sy het nie genoeg geld gehad om te gaan studeer nie.
 - Sy het nie geweet wat sy na skool wou doen nie.
 - Sy het nie die moed gehad om Hoopvol te verlaat nie.
 - Sy het nie die geld gehad om Hoopvol te verlaat nie.*(Een feit)*
- Sy wou dit verkoop wanneer Ben moet gaan studeer./Sy wou die geld gebruik vir Ben se studies.
- Gastehuis/Bonalie

Paragraaf 2: Bobby, Nathalie en Elma se graf

- – Hy het skape gaan soek/Hy het in die sneeu gestap.
 - Hulle dink hy het gegly.
 - Hy het by 'n krans/berg afgeval.
 - Hy het sy kop gestamp.
 - Hy het die hele nag in die sneeu gelê.*(Enige twee feite)*
- Soetwater./Op die plaas./In die familiebegraafplaas.
- – Hy het altyd gesê hy wil 'n karooklip op sy graf hê.
 - Hy was baie lief vir die Karoo.
 - Frans wou dit vir hom doen./Hy was Frans se vriend.*(Gee een feit)*
- By Kleynhans
- Sy ma was siek./Sy ma (en Elma) het geslaap./Die huis was gesluit.
- Tannie Nonnie.
- Tannie Pop het vir hom hulle as gestuur./Hulle as het met die pos gekom./Dit was in 'n skoendoos.

Paragraaf 3: Charl se graf

- Ongeluk met 'n vierwielmotorfiets.
- – Die vierwielmotorfiets was te groot.
– Die vierwielmotorfiets was te gevaarlik.
– Tannie Nonnie het vir Frans gewaarsku.
(Een feit)
- – Dit het gelyk asof Charl slaap.
– Charl hoef nie meer somme te doen nie.
– Hy het weer 'n seun/Ben op die plaas gehad.
(Een feit)

TAAL EN STRUKTUUR

Die vier punte vir Assessering word volgens die volgende skaal toegeken.

	Struktuur, logiese vloei van aanbieding. Taal, toon en styl in opstel gebruik.
4 punte	Samehangende teks geproduseer. Volledige antwoord. Gepaste inleiding en slot. Argumente goed gestruktureer en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is goed aangewend. Geringe taalfoute.
3 punte	Duidelike struktuur en logiese vloei van gedagtes. Inleiding of slot is gepas. Taal, toon en styl redelik korrek.
2 punte	Geen inleiding of slot. Vloei van opstel word belemmer deur oormaat taalfoute.
0–1 punt	Geen samehang nie. Swak taalgebruik. Oormatige gebruik van Engels. Dele onverstaanbaar.

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

RIGLYNE BY DIE ASSESSERING VAN DIE SKRYFWERK

1. Die nasienrubriek moet goed bestudeer word en deurgaans geraadpleeg word.
2. As die kandidaat misgetas het of die opdrag verkeerd geïnterpreteer het, moet die kandidaat streng gepenaliseer word ten opsigte van inhoud. Taal moet egter normaalweg geassesseer word.

Voorbeeld: Toespraak

Inhoud, beplanning en formaat	E	7	(uit 18)
Taal, styl en redigering	G	6	(uit 12)
		<u>13</u>	(uit 30)

3. **Die neerskryf van punte:** Gebruik die korrekte rubriek vir elke skryfstuk. Assesseer die kandidaat se skryfstuk volgens die kriteria en vlakke van die drie rubrieke.

Skryf die punte soos volg neer:	Inhoud :	E	7
	Taal :	G	6
			<u>13</u>

Halfpunte word na die eindtotaal oorgedra en daar afgerond.

4. Vraag 6: die punt moet deur 2 gedeel word om die totaal uit 10 te laat tel.
5. Die volgende simbole moet tydens die assessering van die skryfstuk gebruik word:

SIMBOOL	BESKRYWING	VERDUIDELIKING
//	Dubbel strepie aan die begin van sin wat nuwe paragraaf aandui	Nuwe paragraaf
interresant	Strepie onder die woord	Spelfout
x	Kruisie oor woord	Foutiewe woord
()	Hakies	Foutiewe woordorde
^	Weglaatteken	Woord(e)/leesteken uitgelaat
T (in kantlyn)	Hoofletter T	Tye verwarrend/foutief gebruik
?/ (in die kantlyn)	Groot vraagteken/ kronkelstreep	Onduidelik/ onverstaanbaar
enough	Kring om woord	Engelse woord
hh	Dubbele h	Herhaling
Skryf die hoofletter of komma in		Hoofletter/komma

6. Indien die skryfstuk te lank is, word daar net geles tot by die vereiste getal woorde – kandidaat word dan outomaties op grond van inhoud gepenaliseer.

VRAAG 5 TOESPRAAK

Formaat:

- Paragraafindeling volgens instruksies.

Taal:

- Taal moet aanpas by die doel, teikengroep en konteks.
- Toespraak moet vloei.

Inhoud:

- Word daar voldoen aan die riglyne wat gegee is?
- Is idees interessant en oorspronklik?
- Word al drie aspekte wat in die opdrag genoem is, gedek?

VRAAG 6 KORT DIALOOG

Formaat:

- Volgens voorbeeld.

Taal:

- Taal moet aanpas by die doel, teikengroep en konteks.
- Dialoog moet vloei.

Inhoud:

- Word daar voldoen aan die riglyne wat gegee is?
- Word al drie aspekte wat in die opdrag genoem is, gedek?

ASSESSERINGSRUBRIEK: LANG TRANSAKSIONELE TEKS – AFRIKAANS EAT: TOTAAL 30 - TOESPRAAK

KRITERIA	UITSONDERLIK	KNAP	GEMIDDELD	ELEMENTÊR	ONVOLDOENDE
<p>INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT</p> <p>1. Respons op onderwerp. 2. Idees in teks. 3. Organisering van idees vir die beplanning, doel en gehoor. 4. Kenmerke/konvensies (reëls) en konteks van die teks.</p> <p>(18)</p>	<p>14½–18 81%–100%</p> <p>1. RESPONS: Uitsonderlik. Bo verwagting. Grondige kennis van kenmerke van die soort teks. Skryfstuk behou fokus. 2. IDEES: Intelligent, volwasse en behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun. 3. ORGANISASIE: Samehang in inhoud en idees. 4. FORMAAT: Gepas en akkuraat.</p>	<p>11½–14 64%–78%</p> <p>1. RESPONS: Baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks. Behou fokus. Daar is geen afwyking nie. 2. IDEES: Baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun. 3. ORGANISASIE: Samehang in inhoud en idees. 4. FORMAAT: Gepas met onbeduidende foute.</p>	<p>9–11 50%–61%</p> <p>1. RESPONS: Voldoende. Toon kennis van kenmerke van die soort teks. Nie heeltemal gefokus nie. Enkele afwykings. 2. IDEES: Sommige detail ondersteun die onderwerp. 3. ORGANISASIE: Redelike samehang in inhoud en idees. 4. FORMAAT: Oorwegend gepas, maar met enkele foute.</p>	<p>6–8½ 33%–47%</p> <p>1. RESPONS: Basies. Toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks. 'n Aanduiding van fokus, maar met afwykings. 2. IDEES: Min detail ondersteun die onderwerp. 3. ORGANISASIE: Inhoud en idees nie altyd samehangend nie. 4. FORMAAT: Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas. Kritieke foute begaan.</p>	<p>0–5½ 0%–31%</p> <p>1. RESPONS: Toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie. Betekenis is onduidelik met groot afwyking. 2. IDEES: Baie min detail ondersteun die onderwerp. 3. ORGANISASIE: Geen samehang in idees en inhoud nie. 4. FORMAAT: Nodige reëls van formaat nie toegepas nie.</p>
<p>TAAL, STYL EN REDIGERING</p> <p>1. Toon, register, styl en woordkeuse: hoe gepas vir doel/effek en konteks? 2. Grammatika: Taalgebruik en -konvensies (taalreëls), bv. spelling, puntuasie en woordeskat.</p> <p>(12)</p>	<p>10–12 83%–100%</p> <p>1. TOON, REGISTER, STYL EN WOORDKEUSE: Hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks. 2. GRAMMATIKA: Akkuraat en goed gekonstrueer. Puik woordeskat.</p> <p>Feitlik foutvry.</p>	<p>8–9½ 67%–79%</p> <p>1. TOON, REGISTER, STYL EN WOORDKEUSE: Baie gepas vir doel, gehoor en konteks. 2. GRAMMATIKA: Oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer. Baie goeie woordeskat.</p> <p>Oorwegend foutvry.</p>	<p>6–7½ 50%–63%</p> <p>1. TOON, REGISTER, STYL EN WOORDKEUSE: Gepas vir doel, gehoor en konteks. 2. GRAMMATIKA: Enkele grammatikafoute. Woordeskat is voldoende.</p> <p>Foute belemmer nie betekenis nie.</p>	<p>4–5½ 33%–46%</p> <p>1. TOON, REGISTER, STYL EN WOORDKEUSE: Minder gepas vir doel, gehoor en konteks. 2. GRAMMATIKA: Onakkuraat met etlike foute. Woordeskat is basies.</p> <p>Foute belemmer betekenis.</p>	<p>0–3½ 0%–29%</p> <p>1. TOON, REGISTER, STYL EN WOORDKEUSE: Stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie. 2. GRAMMATIKA: Besaai met foute en verwarrend. Woordeskat nie geskik vir doel nie. Foute belemmer betekenis ernstig.</p>
<p>VERSPREIDING VAN PUNTE</p>	<p>24½–30</p>	<p>19½–23½</p>	<p>15–18½</p>	<p>10–14</p>	<p>0–9</p>

ASSESSERINGSRUBRIEK: LANG TRANSAKSIONELE TEKS – AFRIKAANS EAT: TOTAAL 30 – TOESPRAAK

(Hierdie vereenvoudige weergawe van die rubriek moet in oorleg met die oorspronklike rubriek gebruik word.)

KRITERIA	UITSONDERLIK	KNAP	GEMIDDELD	ELEMENTêR	ONVOLDOENDE
INHOUD, BEPLANNING, STRUKTUUR 1. Idees. 2. Organisering van idees; vloei van leesstuk. 3. Struktuur. (18)	14½–18 81%–100%	11½–14 64%–78%	9–11 50%–61%	6–8½ 33%–47%	0–5½ 0%–31%
	1. Opdrag behoorlik en volwasse uitgebrei. Besonder kreatief. 2. Leesstuk vloei gemaklik. 3. Struktuur aanvaarbaar.	1. Opdrag goed benader. Redelik kreatief. 2. Leesstuk vloei. 3. Struktuur aanvaarbaar.	1. Opdrag minder suksesvol gedek. 2. Leesstuk minder vloeiend. 3. Struktuur aanvaarbaar.	1. Opdrag swak benader. 2. Effense mistasting. 3. Leesstuk raak onsamehangend.	1. Inhoud maak weinig sin. 2. Mistasting. 3. Leesstuk baie onsamehangend.
TAAL, STYL EN REDIGERING 1. Toon, register, styl. 2. Grammatika en woordeskat. (12)	10–12 83%–100%	8–9½ 67%–79%	6–7½ 50%–63%	4–5½ 33%–46%	0–3½ 0%–29%
	1. Toon en register in die kol. 2. Grammatika feitlik foutvry; uitstekende woordgebruik.	1. Toon en register gepas. 2. Grammatika oorwegend foutvry; goeie woordgebruik.	1. Toon en register gepas. 2. Taalfoute belemmer nie betekenis; leemtes in woordeskat.	1. Toon en register minder gepas. 2. Taalfoute belemmer betekenis; woordeskat swak; dele in Engels.	1. Toon en register nie gepas. 2. Taalfoute belemmer betekenis ernstig; woordeskat swak; oorwegend Engels.
VERSPREIDING VAN PUNTE	24½–30	19½–23½	15–18½	10–14	0–9

ASSESSERINGSRUBRIEK: KORT TRANSAKSIONELE TEKS – AFRIKAANS EAT: TOTAAL 10 (20 / 2 = 10) – KORT DIALOOG

KRITERIA	UITSONDERLIK	KNAP	GEMIDDELD	ELEMENTÊR	ONVOLDOENDE
INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT	10–12	8–9	6–7	4–5	0–3
<p>1. Respons op onderwerp.</p> <p>2. Idees in teks.</p> <p>3. Organisering van idees vir die beplanning, doel en gehoor.</p> <p>4. Kenmerke/konvensies (reëls) en konteks van die teks.</p>	<p>1. RESPONS: Uitsonderlik. Bo verwagting. Grondige kennis van kenmerke van die soort teks. Skryfstuk behou fokus.</p> <p>2. IDEES: Intelligent, volwasse en behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun.</p> <p>3. ORGANISASIE: Samehang in inhoud en idees.</p> <p>4. FORMAAT: Gepas en akkuraat.</p>	<p>1. RESPONS: Baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks. Behou fokus. Daar is geen afwyking nie.</p> <p>2. IDEES: Baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun.</p> <p>3. ORGANISASIE: Samehang in inhoud en idees.</p> <p>4. FORMAAT: Gepas met onbeduidende foute.</p>	<p>1. RESPONS: Voldoende. Toon kennis van kenmerke van die soort teks. Nie heeltemal gefokus nie. Enkele afwykings.</p> <p>2. IDEES: Sommige detail ondersteun die onderwerp.</p> <p>3. ORGANISASIE: Redelike samehang in inhoud en idees.</p> <p>4. FORMAAT: Oorwegend gepas, maar met enkele foute.</p>	<p>1. RESPONS: Basies. Toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks. 'n Aanduiding van fokus, maar met afwykings.</p> <p>2. IDEES: Min detail ondersteun die onderwerp.</p> <p>3. ORGANISASIE: Inhoud en idees nie altyd samehangend nie.</p> <p>4. FORMAAT: Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas. Kritieke foute begaan.</p>	<p>1. RESPONS: Toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie. Betekenis is onduidelik met groot afwyking.</p> <p>2. IDEES: Baie min detail ondersteun die onderwerp.</p> <p>3. ORGANISASIE: Geen samehang in idees en inhoud nie.</p> <p>4. FORMAAT: Nodige reëls van formaat nie toegepas nie.</p>
(12)					
TAAL, STYL EN REDIGERING	7–8	5–6	4–5	3	0–2
<p>1. Toon, register, styl en woordkeuse: hoe gepas vir doel/effek en konteks?</p> <p>2. Grammatika: Taalgebruik en -konvensies (taalreëls), bv. spelling, puntuasie en woordeskat.</p>	<p>1. TOON, REGISTER, STYL EN WOORDKEUSE: Hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks.</p> <p>2. GRAMMATIKA: Akkuraat en goed gekonstrueer. Puik woordeskat.</p>	<p>1. TOON, REGISTER, STYL EN WOORDKEUSE: Baie gepas vir doel, gehoor en konteks.</p> <p>2. GRAMMATIKA: Oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer. Baie goeie woordeskat.</p>	<p>1. TOON, REGISTER, STYL EN WOORDKEUSE: Gepas vir doel, gehoor en konteks.</p> <p>2. GRAMMATIKA: Enkele grammatikafoute. Woordeskat is voldoende.</p>	<p>1. TOON, REGISTER, STYL EN WOORDKEUSE: Minder gepas vir doel, gehoor en konteks.</p> <p>2. GRAMMATIKA: Onakkuraat met etlike foute. Woordeskat is basies.</p>	<p>1. TOON, REGISTER, STYL EN WOORDKEUSE: Stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie.</p> <p>2. GRAMMATIKA: Besaai met foute en verwarrend. Woordeskat nie geskik vir doel nie.</p>
(8)	Feitlik foutvry.	Oorwegend foutvry.	Foute belemmer nie betekenis nie.	Foute belemmer betekenis.	Foute belemmer betekenis ernstig.
VERSPREIDING VAN PUNTE	17–20	13–15	10–12	7–8	0–5

ASSESSERINGSRUBRIEK: KORT TRANSAKSIONELE TEKS – AFRIKAANS EAT: TOTAAL 10 (20 / 2 = 10) – KORT DIALOOG

(Hierdie vereenvoudige weergawe van die rubriek moet in oorleg met die oorspronklike rubriek gebruik word.)

KRITERIA	UITSONDERLIK	KNAP	GEMIDDELD	ELEMENTêR	ONVOLDOENDE
INHOUD, BEPLANNING, STRUKTUUR 1. Idees. 2. Organisering van idees; vloei van leesstuk. 3. Struktuur. (12)	10–12 1. Opdrag behoorlik en volwasse uitgebrei. 2. Leesstuk vloei gemaklik. 3. Struktuur aanvaarbaar.	8–9 1. Opdrag goed benader. 2. Leesstuk vloei. 3. Struktuur aanvaarbaar.	6–7 1. Opdrag minder suksesvol benader. 2. Leesstuk minder vloeiend. 3. Struktuur aanvaarbaar.	4–5 1. Opdrag swak benader. 2. Effense mistasting. 3. Leesstuk raak onsamehangend.	0–3 1. Inhoud maak weinig sin. 2. Mistasting. 3. Leesstuk baie onsamehangend.
	7–8 1. Toon en register in die kol. 2. Grammatika feitlik foutvry; uitstekende woordgebruik.	5–6 1. Toon en register gepas. 2. Grammatika oorwegend foutvry; goeie woordgebruik.	4–5 1. Toon en register gepas. 2. Taalfoute belemmer nie betekenis; leemtes in woordeskat.	3 1. Toon en register minder gepas. 2. Taalfoute belemmer betekenis; woordeskat swak; dele in Engels.	0–2 1. Toon en register nie gepas. 2. Taalfoute belemmer betekenis ernstig; woordeskat swak; oorwegend Engels.
TAAL, STYL EN REDIGERING 1. Toon, register, styl. 2. Grammatika en woordeskat. (8)	17–20	13–15	10–12	7–8	0–5
VERSPREIDING VAN PUNTE					

Totaal: 100 punte